

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

ONTWERP V1

(TEORIE)

NOVEMBER 2015

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 19 bladsye.

AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE****Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.****1.1 (10 punte in totaal)****1.1.1 (Ken 8 punte toe)**

- Beweging: In die tekstiel skep die herhalende diamant kruis en dwars patroon ☒ in die agtergrond 'n gestruktureerde en geordende liniêre beweging. ☒ Met die diamantpatroon in die voorgrond word die Basoeto-hoede op kontra-balanserende diagonale wat bo die agtergrond sweef, geplaas. Dit skep speelse beweging. ☒ Die plat sirkels in die middel van die diamant fatsoene kom herhaaldelik voor om sodoende 'n patroon te vorm. ☒
- Toon: Die ontwerp maak gebruik van 'n monochromatiese tonale palet. ☒ Die gebruik van tonale skakering en tinte skep die gemoduleerde Basoeto hoedmotief. ☒ Die tonale waardes is grysskaal of blou. ☒ Die gebruik van swart en wit of blou toonwaardes dra by tot 'n sterk dramatiese gevoel met 'n speelse tonale kontras. ☒
- Driedimensionele vorm/fatsoen: Die tekstielontwerp maak van beide twee- en driedimensionele vorms gebruik. ☒ Die diamantrooster agtergrond van die tekstiel is plat of tweedimensioneel. ☒ Die Basoeto-hoede word in detail met tonale 'chiaroscuro'-skakering gebruik om 'n realistiese 'gemoduleerde' driedimensionele illusie te skep. ☒ Die konvergerende lyne op die Basoeto-hoede suggereer/skep 'n koniese vorm ☒ Twee-dimensionele plat sirkels verskyn in die middel van die diamant patroon. ☒
- Kontras: Die grootste kontras is tussen die plat twee-dimensionele agtergrond en die gedetailleerde drie-dimensionele Basoeto hoede in die voorgrond. ☒ Die agtergrond kan as plat, liniêr, georden en gestruktureer beskryf word. ☒ Die voorgrond in kontras met die agtergrond is tonaal, gedetailleerd, driedimensioneel en meer vrylik saamgestel. ☒ Die kontras tussen swart en wit skep ook 'n treffende ontwerp. ☒ kontras word ook geskep deur die organiese vorms van die hoede teenoor die geometriese fatsoene in die agtergrond. ☒


Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

1.1.2 (Ken 2 punte toe)

Die Shweshwe-tekstiel weerspieël 'n Afrika-estetika aangesien dit Basoeto hoedmotiewe van Afrika gebruik. ☒ Die gebruik van kleure en besige komplekse geometriese, gestilerde patrone is tipies van Afrika Shweshwe tekstiele, ☒ nou 'n gevierde populêre ontwerptendens. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V1.1 Vlak	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	1.1.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		1.1.1	1
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.1.1 + 1.1.2	3 + 1
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.1.1 + 1.1.2	2 + 1
	Evalueer, Reflekteer			
	Sintetiseer, Regverdig			

OF**1.2 (10 punte in totaal)****1.2.1 (Ken 4 punte toe)**

- **Kleur:** Die raam van die bank maak gebruik van 'n natuurlike ligte houtkleur soos gesien kan word aan die pote van die bank. ☒ Die ontwerper het getrou aan die materiale gebly en het nie die hout geverf nie. ☒ Hierdie idee word sterk aan die minimalistiese benadering van Modernisme (met spesifieke verwysing na De Stijl en Bauhaus) gekoppel. ☒ Die stofferingspatroon gebruik 'n polichromatiese kleurskema. ☒ Die kleur weerspieël interkulturele aanwending, baie dieselfde as die skaduagtige versameling deur die Hollandse ontwerper Tord Boontje. ☒ Die bank is dieselfde as die Kente materiaal soos gedra deur die Asante mense in Ghana en Senegal, ☒ soortgelyk aan die "Madam Dakar". ☒ Kontrasterende kleurtoonwaardes in die horisontale strepe word gebruik om 'n lewendige, treffende ontwerp te skep. ☒ (Sekere provinsies mag die hout as plastiek sien as gevolg van verskil in kleur afdrucke, merk dien ooreenkomstig.)
- **Tekstuur:** Die raam van die 'bank' bestaan uit gladde, afgeskuurde natuurlike hout. ☒ Die patroon op die materiaal is geweef om dit tasbaar te maak. ☒ Hierdie kontras in tekstuur skep verskeidenheid om 'n unieke ontwerp te skep. ☒ (Sekere provinsies mag die hout as plastiek sien as gevolg van verskil in kleur afdrucke, merk dien ooreenkomstig.)

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**1.2.2 (Ken 6 punte toe)**

- **Biomimikrie:** Die term verwys na die ondersoeke van die natuur, sy modelle, sisteme, prosesse en elemente om dit na boots ☒ of inspirasie vir ontwerpopplossings te kry. Dit los menslike probleme op 'n meer volhoubare wyse op. ☒ Die term verwys verder na ontwerpe wat sterk deur natuur geïnspireer is. ☒

- Etnies eklekties: Die bank kombineer 'n paar style. Die struktuur van die bank verwys na Modernisme/Minimalisme en die materiale gebruik vir die stoffering hou verband met Afrika etniese Zoeloe mandjie weefpatrone. ☒ Die tekstielpatroon is ook dieselfde as die weefpatrone gebruik deur die Brasiliaanse ontwerpers, bv. die Campana Broers. ☒ Die eindresultaat is 'n nuwe en innoverende ontwerpopplossing wat 'n etniese eklektisisme weerspieël. ☒ Die ontwerp weerspieël 'n Postmodernistiese benadering van die opeenstapeling van verskillende style. ☒
- Ergonomie: Die ontwerp is beïnvloed deur die weerspieëling en nabootsing van die menslike houding, ☒ dus het die 'vaartbelynde struktuur' van die bank die handhawing en ondersteuning van die menslike liggaam versigtig oorweeg. ☒ Gemak en ondersteuning geniet is van groot belang. ☒ Die term verwys na 'n kombinasie van wetenskaplike analise van die mens en hoe ons funksioneer. ☒ Wanneer 'n verskeidenheid toerusting en produkte ontwerp word, sal die oorweging van ergonomie of menslike behoeftes ons gesondheid, veiligheid en welvaart verbeter. ☒ Dis ook 'n studie van ons fisiese verhouding met die omgewing. ☒ Die produk kan as verbruikervriendelik gesien word. ☒ 'Een grootte pas nie almal nie', dus kan die ergonomie van hierdie ontwerp ietwat problematies wees. ☒ Die bank na-aap of boots 'n ontspanne/gemaklike liggaamshouding (om te lê) na. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V1.2 Vlak	KOGNITIEWE VAARDIGHED	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%		
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		1.2.1 + 1.2.2	2 + 1
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.2.1 + 1.2.2	3 + 1
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.2.2	1
	Evalueer, Reflekteer		1.2.2	1
	Sintetiseer, Regverdig		1.2.2	1

VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP (10 punte in totaal)

2.1



2.1.1 (Ken 4 punte toe)

Die boodskap wat deur die plakkaat gekommunikeer word, is een van vrede, ☒ menslikheid, ☒ vryheid en wysheid. ☒ Die prentjie van Nelson Mandela verteenwoordig al die ideale van demokrasie, vrede, verandering, vryheid en versoening. ☒ Verder hou die plakkaat verband met die aard van Nelson Mandela se voorbeeldige leierskap gedurende sy presidensiële termyn. ☒ Die boom verteenwoordig lewe en groei. ☒

Die beeld van die duiwe weergalm vrede en suiwerheid. ☒ Inherent ondersteun dit die karaktertrekke van Nelson Mandela soos ervaar deur die mense van Suid-Afrika en die internasionale gemeenskap. ☒ Aan die onderkant van die plakkaat is die beeld van die olifant, 'n dier wat geassosieer word met majestueuse wysheid en krag, asook metafores vir Nelson Mandela se persoonlikheid. ☒ Langs die olifant is 'n beeld van kinders wat ons daaraan herinner dat Nelson Mandela baie liefdadigheidsake gemik op die verbetering van kinders se lewens ondersteun het, bv. Die Nelson Mandela Kinderfonds. ☒ Die kleur in die agtergrond skep 'n simboliese kalmte, kalm teenwoordigheid wat met spiritualiteit en suiwerheid geassosieer kan word. ☒

Die turkoois kleur kan simbolies van oop kommunikasie en helderheid wees. ☒ Gewoonlik word kleur met emosies en stemmings geassosieer, turkoois/blou kan byvoorbeeld vrede, kalmte en rustigheid uitstraal. ☒ Hierdie kleur kan ook bydra tot die idee van helder denke en besluitneming in die ontwikkeling van organisatoriese en bestuursvaardighede. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

2.1.2 (Ken 2 punte toe)

Die plakkaat kan ook as stereotipes gesien word omdat dit Nelson Mandela verafgod en veridealiseer, ☒ sonder om in ag te neem dat Nelson Mandela soos enige ander menslike wese inherente menslike tekortkominge gehad het. ☒ Dit sou hom nie noodwendig minder van 'n held of ikoon aan beide die Suid-Afrikaanse nasie en sy internasionale ekwivalente maak nie. ☒ Swart kinders word dikwels gesien as stereotiperend van armes. ☒ Duiwe wat gebruik om vrede te simboliseer is ook stereotipes van die simbool. ☒

2.2 (Ken 4 punte toe)

Die ontwerper het die tipografie in die plakkaat gemanipuleer om twee doele te dien, kommunikatief en visueel. ☒ In die geval van eersgenoemde kommunikeer die variasie in lettergrootte en -styl die fundamentele kwessies soos aangespreek deur die plakkaat (diskriminasie, xenofobie, konflik, angs, skuiling, tirannie, belediging, voorkeur, skeiding), sosiale kwessies wat verband hou met die gebrek aan gemeenskapsverdraagsaamheid. ☒ Verder is verskillende gewigte en groottes van lettertipes gebruik ☒ om te verwys na

die las van gemeenskapsuitdagings op die samelewing. ☒ In die geval van die visuele aspek is die tipografie verder in die vorm van 'n menslike silhoeët gemanipuleer, met

geen besondere verwysing na geslag/ras/geloofsoortuiging/ouderdom nie. ☒ Die swart uitknipsel van die hand versterk die spel tussen negatiewe en positiewe ruimte en gee moontlik ook die indruk van die uitroei/beëindiging van hierdie kwessies in die gemeenskap. ☒ Alhoewel die taal vreemd is, (Frans) is die boodskap wat dit oordra universeel sodat die plakkaat se boodskap duidelik verstaan word. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V2 Vlak	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	2.1.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		2.1.1 + 2.2	1 + 1
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	2.1.1 + 2.1.2	2 + 2
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	2.2	2
	Evalueer, Reflekteer		2.2	1
	Sintetiseer, Regverdig			

VRAAG 3 (10 punte in totaal)

Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2

3.1 (Ken 10 punte toe)



In die vraag, word van die kandidate verwag om te vergelyk en behoort gepenaliseer te word vir die skryf van twee aparte opstelle, of indien die inligting in die vorm van 'n tabel weergegee word. (maksimum 3 uit 10).

Ten opsigte van **proporsie** is FIGUUR A se kroon wyer as die basis terwyl FIGUUR B wyer by die basis is. ☒ FIGUUR B sal die persoon wat dit dra langer laat lyk. ☒ Beide sal die persoon wat dit dra langer laat lyk. ☒ preporsioneel in Figuur B tis die klem op die vertikale aspekte en in figuur A is dit egter op die horisontale of wydte. ☒

Die **kleur** in FIGUUR A is oorheersend 'n primêre, koue blou kleur; geassosieer met koninklikheid/status/rykdom/ getrouheid. die Zulu-hoed het 'n kleurvolle patroon op die onderste rand. ☒ FIGUUR B maak gebruik van 'n treffende swart en wit patroon wat die vertikale aard van die ontwerp verhoog. ☒ Die kleure in beide FIGUUR A en FIGUUR B is kontrasterend en sterk ☒ wat die hoede 'n gevoel van lewendigheid en energie gee. ☒

Die **vorms** van beide hoede is beeldhouagtig. ☒ FIGUUR A is kleiner aan die onderkant en word wyer met 'n groter oppervlak by die kroon ☒ en FIGUUR B het 'n wyer rand en 'n silindriese bokant. ☒ FIGUUR A se vorm vergroot na bo en gee die hoed 'n kroonagtige, koninklike voorkoms. ☒ Die hoë, verlengde vorm van FIGUUR B gee dit 'n verhewe voorkoms. ☒ **Gee krediet vir enige stellings wat verwys na die fatsoene en hulle vergelykings. Asook kandidate wat die hoede as drie-dimensioneel kon identifiseer, eerder as twee dimensioneel. Die patroon op die hoede kan egter as twee-dimensioneel gesien word.**

Met verwysing na die **konteks** is hoede materiële kommunikeerders wat geslag, ouderdom, sosiale status en groepserkenning aandui. ☒ Hulle dien ook as seremoniële simbole en verhoog seksuele aanloklikheid. ☒ As 'n beeldhouagtige kunsvorm kan hoede na aanleiding van vorm, kleur, materiaalteksture, versiering, proporsie en skaal aan die draer beskryf en geïnterpreteer word. ☒ Die Zulu-hoede of izicholo in FIGUUR A kom oorspronklik vanaf KwaZulu-Natal ☒ en word tradisioneel deur getroude vroue by seremoniële feesvieringe gedra. ☒ Die Engelse keil vertoon tradisioneel 'n heer se houding en gerespekteerde gedrag. ☒ Die streep op die hoed gee dit 'n meer prettige, feestelike en spitsvondige karakter ☒ wat dit in kontras plaas met die tradisionele waardes waaraan die hoed destyds gekoppel is. ☒


Wanneer **materiale** vergelyk word, is FIGUUR A handgeweef van katoen of tou of gekleurde groentevesel ☒ en gespan oor 'n mandjieraam. ☒ Die snit, vorm en versiering van 'n Zulu-hoed is baie duidelik onderskeibaar. Dit word met borduurwerk en krale versier wat soms spesifieke boodskappe kommunikeer. ☒ Die oorspronklike keil is van tradisionele materiale gemaak, soos weelderige FLUWEEL/PELS, maar mettertyd het dit na 'n meer kontemporêre weelderige sy verander. ☒ Vandag kan 'n keil in 'n verskeidenheid materiale gevind word, insluitende wol, sy en selfs leer. ☒ Die keil het sedertdien in verskillende style ontwikkel wat die kompakte koetsierskeil insluit, die hoë en reguit 'kaggelpyp'-hoed, die springbelaaide, opvoubare operahoed en die 'Mad Hatter' se hoed. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V3.1 Vlak	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	3.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		3.1	2
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	3.1	3 + 1
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpret	30%	3.1	2
	Evalueer, Reflekteer		3.1	1
	Sintetiseer, Regverdig			

OF

3.2 (Ken 10 punte toe)



In hierdie vraag word daar van die kandidaat verwag om 'n vergelyking te tref en behoort gepenaliseer te word vir die skryf van twee aparte opstelle of vir inligting wat in tabelvorm verskaf word. (maksimum 3 uit 10).

'n Vergelyking tussen die Mapungubwe Interpretasie Sentrum en die Pantheon (of 'n voorbeeld deur die kandidaat gekies):

Die Mapungubwe gebou is 'n kontemporêre struktuur terwyl die Pantheon klassieke, Romeinse argitektuur is. Die Mapungubwe gebou is 'n kontemporêre gebou geanker aan antieke geboustrukture soos die Zulu-hut en die gewelfsisteem wat gedurende die Middeleeue in Rome gebruik is. ☒ As gevolg van hierdie strukture en die gebruik van natuurlike klip het die Mapungubwe gebou 'n antieke gevoel geskep. Alhoewel dit moderne elemente insluit, skakel dit met die antieke Romeinse Pantheon. ☒

Vir die Mapungubwe gebou is natuurlike **materiale** soos rooi bakstene of terracotta teëls, klip en hout gebruik wat dit met die omliggende natuurlike omgewing verbind. ☒ Die interieur van die gewelf is met hierdie teëls uitgevoer, asook die eksterieur bedek met rowwe klip wat dit laat lyk soos die klipagtige heuwels van die landskap. ☒ Die Pantheon maak ook van natuurlike materiale gebruik aangesien die dik mure van die ronde gebou baksteen en beton kombineer. ☒ Dit is oorspronklik met wit marmer pleisterkalk bedek om dieselfde voorkoms as die portiek te hê, maar met verloop van tyd het die marmer verdwyn en oorheers die beton tans die struktuur, wat dit minder organies maak. ☒ Die betonkoepel was oorspronklik met bronsplate bedek. ☒ Indien die marmer en brons steeds daar was, sou die Pantheon meer organies voorgekom het. ☒

Funksies van die Mapungubwe Interpretasie Sentrum is om die gemeenskap wat op 'n tyd in daardie area gefloreer het, te eer, ☒ om die artefakte van daardie area se antieke geskiedenis te bewaar, ☒ om hulle storie aan besoekers te vertel ☒ en ook om werk aan die plaaslike inwoners te verskaf. ☒ Die doel van die Pantheon is nie verseker bekend nie, maar die naam, die versiering op die portiek en pediment suggereer 'n tipe tempel. ☒ Die Pantheon was moontlik ontwerp as 'n plek waar die keiser openbare verskynings in 'n omgewing kon maak wat die omstanders aan sy goddelike status as gelyke van die ander gode van die Romeinse Pantheon kon herinner. ☒

Vanaf die buitekant lyk die Pantheon na 'n soliede, geslote versameling van geometriese **vorms**. ☒ Die Mapungubwe gebou aan die ander kant is 'n meer organiese en oop struktuur wat uit baie koepels wat oopgelaat is om die buitekant in te laat, bestaan. ☒ Die Pantheon is een soliede, ronde vorm onder 'n gekassetteerde betonkoepel, met 'n sentrale opening (oculus) na die lug en 'n portico van groot, vertikale Korintiese pilare van graniet onder 'n driehoekige pediment as vooraansig. ☒ Herhalende vertikale lyne verskyn ook in die Mapungubwe struktuur. Hierdie is ook organies, soos die koepels, en smelt saam met die omgewing eerder as om dit te oorheers. **Enige verwysing na die twee dimensionele fatsoen of vorm moet ook krediet ontvang.** Groot geboë ruimtes gevorm deur die openinge aan die kante van die gewelf is met organiese vertikale takke gevul en dun pilare stut belatte onderdak-looplyste. ☒ Beide geboue het binne-**ruimtes** gevul met gloeiende, spirituele lig as gevolg van die gewelfde vorms en die lig wat by die oculus invloei. ☒ Die interieurs van die Mapungubwe is meer grotagtig en misterieus as gevolg van die organiese, onreëlmatige herhaling van die gewelf. ☒

Die Pantheon **domineer** duidelik **die omgewing** waar dit gebou is ☒ terwyl die Mapungubwe gebou se grense tussen die binnenste ruimtes en die natuur vervaag en geïntegreerd is. ☒

Alhoewel die Pantheon 'n klassieke gebou is en die Mapungubwe gebou 'n kontemporêre gebou is, deel die twee strukture ooreenkomste deur die gebruik van materiale, gewelfde strukture en die ronde venster. ☒ Daar is nietemin fundamentele verskille in die sosio-kulturele doele van elke gebou aangesien die Pantheon blyk gebou te gewees het om die keiser te verheerlik en die Mapungubwe die gemeenskap as geheel dien. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V3.2 Vlak	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	3.2	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		3.2	2
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	3.2	3 + 1
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	3.2	2
	Evalueer, Reflekteer		3.2	1
	Sintetiseer, Regverdig			

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

VRAAG 4 (30 punte in totaal)

4.1 (Ken 20 punte toe, 10 punte vir elke beweging/styl)

Voorbeeld

Die aanhaling word bes verteenwoordig deur die **Kuns-en-Kunsvlytbeweging**. Daar is 'n verband tussen hierdie beweging en die aanhaling omdat dit eenvoud beklemtoon en teen oorversierde massa-produksie ontwerpe reageer. ☒

Die Kuns-en-Kunsvlytbeweging was 'n reaksie teen die swak smaak en massageproduseerde goedere van die Victoriaanse industriële era. ☒ Die fabrieksomgewings wat die siel doodgemaak het, het groot klem op die produksie geplaas en nie die kwaliteit van die produkte nie. ☒ Ontwerpe van die Victoriaanse tyd is beskou as oordadig en swak gemaak en het tot swak vakmanskap gelei. ☒

In die Kuns-en-Kunsvlytbeweging het ontwerpers hulle tot die kuns van die Middeleeue/Gotiese tye gewend in 'n poging om die vereniging van die Kuns-en-Kunsvlytperiode te verbeter. ☒ **Kenmerke** van Kuns-en-Kunsvlyt-ontwerp het goeie morele Christenwaardes, orde, stabiliteit en die eenvoud van die lewe, wat deel van die Middeleeue/Gotiese periode was, geseëvier. ☒ Kleure was sterk, met ryk rooie, gele en aardse tone. ☒ Die Kuns-en-Kunsvlytbeweging het elemente van die natuur in die vorm van fauna en flora ingesluit, 'n terugkeer na die eenvoud en eenheid duidelik sigbaar in die skoonheid van die natuur, wat gevolglik die verband met die aanhaling toon. ☒

Daar is gedink dat as die ontwerpers en vlytkunstenaars nou kon saamwerk, soos in die gildes van die Middeleeue/Gotiese tye, die moraal van die vlytkunstenaar sou verbeter ☒. William Morris het die eerste ontwerpmaatskappy wat ontwerpe in baie ontwerpkateregories gelewer het, begin. ☒

Elemente soos die vierblad- en driebladontwerpe eie aan die Kuns en Kunsvlyt is deur die Gotiese era **beïnvloed**. ☒ Ontwerpe was eenvoudig en is onversierd gelaat ☒ en het dikwels gewys waar lasplekke was en het die natuurlike grein van die hout as deel van die ontwerp gebruik. ☒ Die klem is nou op handvervaardigde ontwerpprodukte van 'n hoë kwaliteit teenoor masjienproduksie geplaas, soos bv. handgebinde geverfde boeke. ☒

Kuns en Kunsvlyt het gepoog om 'n ander bron van goedere vir die groeiende mark te verskaf, naamlik ontwerp wat nie oordadig is nie, maar wat elemente van eenheid en eenvoud getoon het. ☒ Klem is op natuurlike materiale soos hout en leer geplaas en ontwerpers is aangemoedig om met 'n verskeidenheid natuurlike materiale te eksperimenteer. ☒ Plaaslike materiale soos klip en hout vir vloerplanke en die balke van hulle huise, wat onversierd in 'n eenvoudige plattelandse styl gelaat is bv. die Landelike Engelse styl, is vir hulle ontwerpe uitgesoek. ☒ Hout is natuurlik gelos. ☒ Ontwerpe se doel was om die natuurlike eenheid tussen vorm, funksie en versiering te beklemtoon en daar was geen behoefte vir enige onnodige addisionele kenmerke of versiering nie. ☒

William Morris het 'n firma genaamd Morris and Co. gestig, die eerste leidende ontwerpmaatskappy wat gebrandskilderde glas, metaalwerk en meubels vervaardig het. ☒ Hy het ook die Kelmscott drukkerspers wat handgebinde en geverfde boeke van goeie gehalte gedruk deur houtblokke vervaardig het, begin. ☒ Geborduurde tapisserieë en die maak van kant was weer in die mode. ☒

Die elemente van wingerde, blomme, vis en seeslange vanuit die natuur is duidelik in oppervlakontwerpe. ☒ Lyne was eenvoudig en ook organies en het sagte, golwende lyne met reëlmatige, gelykvormige, geronde patrone van blare en blomme en gestileerde krulpatrone getoon. ☒

William Morris is deur Philip Webb opdrag gegee om **The Red House** ☒ vir sy nuwe bruid te ontwerp. The Red House is in 'n Gotiese Herlewingstyl en het tipiese eenvoudige lyne en die gepunte Gotiese boë. ☒ Dit is van plaaslike rooi bakstene en plaaslike leiklip vir die dakteëls wat 'n eenheid skep. Die interieur van die huis is samewerking tussen Webb en Morris wat baie van die meubels ontwerp en vervaardig het. ☒ Die skoonheid van die huis berus op die 'eerlikheid' van die konstruksieproses. Balke word ontbloot gelaat eerder as om dit agter oppervlakkige versiering weg te steek, ☒ soos gedurende die Victoriaanse era.

Die funksionaliteit eerder as die estetiese is van die allergrootste belang in die huis wat 'n eenvoudige, verenigde, tydlose ontwerp tot gevolg het. ☒ Dit is 'n goeie voorbeeld van die reaksie teen wat op daardie stadium die populêre Victoriaanse eklektiese styl was en versterk dus die sentiment van die aanhaling. ☒

Voorbeeld

Die **Art Deco** beweging gaan die aanhaling teë.

Art Deco ontwerpe is nie eenvoudig nie, maar **kenmerkend** luuks en hoogs versierd. ☒ Lalique se massa-geproduseerde stukke, byvoorbeeld, was in helder kleure soos smaraggroen en poulou of in plein en matglas. Hierdie briljante kleure gee die werke 'n emotiewe en dramatiese voorkoms, maak hulle kompleks en dinamies in plaas van gelykvormig en eenvoudig. ☒ Oppervlaktes is nie kalm nie, maar versier met energieke herhalende reliëfontwerpe van diere, vis, vroulike figure, 'sirenes' (sensuele vroue) en blom- en plantmotiewe. ☒ Dikwels oorheers die ryk Art Deco ornamentasie die struktuur van die voorwerpe self, bv. bottelproppe en handvatsels is getransformeer van bloot funksioneel wees na treffende dekoratiewe kenmerke. ☒ Hoë Art Deco wou luukse items, gemaak van duur, uitspattige materiale, produseer gemik op die duur mark, die goeie en modebewuste oordeelkundige sektor van die samelewing alhoewel die massageproduseerde mark ontwerp meer bekostigbaar en modieus gemaak het. ☒

Dikwels was Art Deco ontwerpe se doel om spoed en populêre onderwerpmateriaal, wat skepe, motors, vliegtuie en treine ingesluit het, te weerspieël. ☑ Motors het 'n populêre statussimbool in 'n gemeenskap wat luuksheid, die eksotiese en die glans begeer het, geword. ☑ Die motor se gelukbringer, byvoorbeeld, **Rene Lalique se 'Car Mascot'**, ☑ is van glas en is vaartbelyn gemaak om die gevoel van spoed te skep. ☑ Die vorm van hierdie gelukbringer is dramatiese en herinner aan sirenes wat op die boë van Wiking-skepe gevind is. ☑ Hierdie voorbeeld is baie kompleks en vol kontraste wat duidelik nie die filosofie van eenvoud en eenheid verkondig nie. ☑

Die Art Deco-styl **het sy oorsprong** vanaf skilderbewegings wat ten tye gewild was d.i. Kubisme, Fauvisme, Abstrakte kuns en Futurisme. ☑ Dit word in ontwerpe van Art Deco in die vorm van abstraksie, distorsie en vereenvoudiging weerspieël. ☑ Die **invloed** van Fauvisme en Futurisme het dinamiese vlakke van plat, helder, botsende, nie-naturalistiese kleur, veral duidelik in die keramiekontwerpe van Clarice Cliff tot gevolg gehad. ☑ Afrikakuns het sterk lyn en distorsie voortgebring. ☑ Motiewe verwant aan die Amerikaanse Jazz-kultuur dra by tot die dekoratiewe kwaliteit van Art Deco. ☑ Die eksotiese karakter van Oosterse kuns beïnvloed hul keuse van materiale naamlik inlegsels van pêrel, slangvel, skilpaddop en haaivel. ☑ Hierdie gebruik van botsende kleure, distorsie en uiteenlopende teksture verseker produkte wat kompleks eerder as eenvoudig is. ☑

Die Russiese ballet was in Parys met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog vasgekeer en het die ontwerpers aan hulle radikale nuwe kostuumontwerpe en briljante dramatiese kleure blootgestel. ☑ Die invloed van Kubisme is sigbaar in die gebruik van reguit lyne, sigsag en lae geometriese ontwerpe met abstrakte vorms sigbaar in die Chrysler-gebou van William van Alen. ☑ Die gebruik van hierdie lyne en vorms gee Art Deco-ontwerpe 'n dinamiese en energieke gevoel. Die ontdekking van Tutankhamen se graffombe en die uitstal van Egiptiese artefakte in Europa het ook 'n impak op Art Deco-ontwerp gehad, met motiewe van die papyrusplant afgelei, die trappiramide, die ziggoerat en die sonstraalmotief en al hierdie elemente wat bygedra het tot die skepping van buitensporige eerder as eenvoudige en eenvormige ontwerpe. ☑ Die tipiese gebruik van dekoratiewe Inheemse Amerikaanse en Asteekse style word in baie ontwerpe weerspieël, bv. die trapziggoerat wat op die Chrysler-toring sigbaar is. ☑ Ten spyte van die feit dat ontwerp-motiewe vereenvoudig is tot hul eenvoudigste vorm het hulle 'n gesofistikeerde, dramatiese voorkoms. ☑ Hierdie motiewe was op verskeie produkte toegepas soos die Art Deco-stoel deur Kim Weber en die hysbak deur van die Chrysler-gebou. ☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V4.1 Vlak	KOGNITIEWE VAARDIGHED	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.1	3
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		4.1	3
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.1	8
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.1	2
	Evalueer, Reflekteer		4.1	2
	Sintetiseer, Regverdig		4.1	2

4.2 (Ken 10 punte toe)

FIGUUR A beklemtoon die praktiese en doeltreffendheid van Modernisme met eenvoudige minimalistiese vorms. ☒ FIGUUR B, 'n voorbeeld van Dekonstruktivisme, breek weg van die eenheid en standaarde van Modernisme aangesien die beelde met gefragmenteerde en onvolledige vorms geskep word deur van 'n collage-agtige effek gebruik te maak om 'n portret te skep. ☒ Die belangrikste aspek van Dekonstruktivisme is die bevraagtekening van bestaande metodes, wette, reëls en verhoudings. ☒

In FIGUUR B is die Dekonstruksionele figuur, die ideale van 'Kuns om Kuns onthalwe', interessant teenwoordig in kommunikasie-ontwerp waar dit groot hoeveelhede chaos en 'n afwisseling in vorms, kleure en lettertipe toon. ☒ Dekonstruksie vind aanklank by die ontwerper se behoefte om kragtige artistieke aanbiedings te maak. ☒ Terwyl FIGUUR A kreatief is, inhibeer die modernistiese styl die ontwerper wat binne 'n standaardrooster werk. ☒ Die plakkaat het die algehele gevolg van gekontroleerde ordelikheid en eenheid van kleur en vorm. ☒ Die lettertipe is leesbaar omdat dit horisontaal gerangskik is en nie met die beeld oorvleuel nie. ☒

Die Dekonstruksie teorieë van Jacques Derrida is sigbaar in FIGUUR B met die nuwe estetika waar idees wat die gevestigde sosiale norme ontstaan ewe belangrik geag word. ☒ Die georganiseerde praktikaliteit van Modernisme word onlogies en ongeorden in FIGUUR B en daag so die ideale van universele skoonheid en die aanvaarding van ontwerp wat by die stereotipiese populêre sienswyse hou, uit. ☒

In retrospek is die Dekonstruksionele ontwerp meer opwindend, maar die beweging het op daardie tydstip baie kritiek ontvang. Dit is 'n totale rebellie teen die ordelikheid van Modernisme. ☒ Die toename in gewildheid van rekenaars in die Dekonstruktivisme gee die ontwerper meer Vryheid en kreatiwiteit. ☒

In FIGUUR B word die hele ontwerp as 'n geheel gesien aangesien daar 'n interverhouding tussen die teks en die prente is wat deur die oorvleueling van die "*palimpsest*" beklemtoon word. ☒ Die georganiseerde vertikale rooster van Modernisme is deur die Dekonstruksie-ontwerpers verander soos hulle skuins vlakke en skewe lyne bekend stel. ☒

Die ortodokse geharmoniseerde rooster wat gebruik is om teks in die Modernistiese plakkaat te plaas, is omvergegooi in die Dekonstruktivistiese ontwerp. Dit het mense gedwing om die teks vanuit verskillende oogpunte te lees en die idee van onleesbaarheid is gevier. ☒ Dekonstruktivisme bevraagteken ontwerpkonvensies en die verhouding tussen die produk en die gebruiker. ☒ Die veranderinge wat vanaf Modernisme tot Dekonstruktivisme gebeur het, is aangehelp deur die ontwikkeling van hardeware en sagteware van digitaalgelewerde metodes. Veelvuldige lae, vervaging, verwringing en versnippering kan nou heel maklik verkry word. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V4.2 Vlak	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.2	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		4.2	2
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.2	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.2	1
	Evalueer, Reflekteer		4.2	1
	Sintetiseer, Regverdig		4.2	1


TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**VRAAG 5 (20 punte in totaal)****Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.****5.1 (20 punte in totaal)****5.1.1 (Ken 6 punte toe)**

'n Sosiaal verantwoordelike ontwerper werk op 'n sensitiewe en etiese wyse met respek vir sosiale behoeftes of aangeleenthede. ☒ Op 'n globale en nasionale vlak sluit sosiale kwessies die koste van energie, globale verwarming, terrorisme, besoedeling, kinder-/dieremishandeling, armoede, gesondheid en kulturele bewustheid, ens. in. ☒ Die sonkrag-aangedrewe lamp geïllustreer in FIGUUR A spreek die kwessies van armoede en die koste van energie aan, want dit gebruik gratis sonlig om krag te voorsien. ☒ Dit is ook veilig aangesien dit nie van vlambare inhoud soos petrol gebruik maak nie. Dit verhoed brande soos gesien in informele nedersettings en wegholveldbrande. ☒

Dit is klein, kos min en pas by 'n verskeidenheid situasies aan wat dit nog meer koste-effektief maak. ☒ Sosiaal-onverantwoordelike ontwerp is ontwerp wat nie sensitief teenoor sosiale behoeftes is nie. ☒ Sulke ontwerp is byvoorbeeld nie volhoubaar nie omdat hulle produksiemetodes en materiale duur en skadelik vir ons omgewing is. Onverantwoordelike ontwerp kan mense fisiese skade aandoen, insluitende boodskappe wat rassisties is of wat van stereotipes en vooroordeel gebruik maak. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

5.1.2 (Ken 14 punte toe; 7 punte per ontwerper/Of Ontwerp-groep.

Die Keiskamma Geskiedenis Tapisserie

Voorbeeld:

'n **Kontemporêre sosiaal-verantwoordelike ontwerpgroep is Die Keiskamma Kunstprojek** gebaseer in Hamburg aan die Sonskyn Kus, Oos-Kaap, Suid-Afrika. ☒ Dit is 'n gemeenskaplike kunsafsetplek en werkswinkel wat aan die gemeenskap behoort en wat die deelname van oor 'n 100 plaaslike kunstenaars en vlytkunstenaars in die Keiskamma, Hamburg-area geniet.

Hierdie projek is in 200 deur die mediese dokter en beeldende kunstenaar Carol Hofmeyr, met behulp van Jan Chalmers (Oxford, VK) en Jackie Jezewski (Brantome, Frankryk) geskep. Hofmeyr het begin kuns en kunsvlyt aan 'n handjievol vroue, wat begin het om plastieksakke wat die dorpie besoedel het te versamel, begin onderrig. ☒ Hulle het dit in die vorm van hoede en sakke gehekel. ☒ Hierdie projek verskaf 'n nodige inkomste en 'n kreatiewe uitlaatklep vir baie in die agtergeblewe kusgemeenskappe in en om die Hamburg-area. ☒

In die jare sedert die projek gestig is, en geregistreer as 'n Trust, was daar vele internasionale vertonings van die werke geproduseer, asook talle opdragwerke, beide plaaslik en internasionaal. ☑

Daar is vyf individuele kunsateljees onder leierskap van twaalf plaaslike bestuurders wat elk in 'n spesifieke kunsvlyt van krale- tot keramiekwerk spesialiseer. Hulle bied handgemaakte Afrika-kunshandwerke en -produkte van hoë kwaliteit, wat direk die gemeenskappe ophef. ☑ Florence Danais, Kunsgeskiedenis lektrese en gegradueerde in Kuns en Kultuur Bestuur, assisteer en lei hulle op. Saam werk hulle met 130 kunstenaars en handwerkkunstenaars om 'n nodige inkomste te genereer om die lewenskwaliteit in Hamburg en omgewing te verbeter. ☑

'n Voorbeeld van 'n ontwerp deur hierdie groep is die **Keiskamma Geskiedenis Tapisserie**. Die Keiskamma Geskiedenis Tapisserie is deur die Bayeux Tapisserie geïnspireer, ☑ 'n visuele weergawe van die verowering van Engeland deur die Franse, 126 meter lank en permanent uitgestal in die Suid-Afrikaanse Parlementgebou in Kaapstad. ☑ Die sukses wat die Keiskamma Geskiedenis Tapisserie gehad het om die Xhosa-storie te vertel, het op sy beurt die Palestynse Geskiedenis Tapisserie Projek geïnspireer om die Palestyne se stories te vertel. ☑ Dit verwys ook na die storie van die Xhosa en San, vanaf hulle oorsprong, deur Britse en Apartheid bewind, tot die vrylating van hul beroemdste seun, Nelson Mandela, na 28 jaar in die tronk. ☑ Hierdie massiewe kunswerk is 'n bron van trots vir daardie wat dit saam met hul gemeenskappe geskep het. ☑ Dit het ook gehelp om mense van die Suid-Afrikaanse geskiedenis te leer en geniet internasionale erkenning. ☑

Baie tyd is gespandeer om oor die geskiedenis van die plaaslike mense te leer, met insette van akademiese historici en die stories deur die Xhosa oudstes van die dorpie oorvertel. ☑ 'n Algehele plan is ontwerp, bestaande uit gestikte panele wat elk 'n besondere storie vertel. Dit het die hande van 100 vroue van Hamburg en omliggende areas een jaar geneem om die geneserine te maak. ☑ Alhoewel die tapisserie en panele dikwels gesamentlike samewerkings is, word almal wat betrokke was erken deur hul name daarop te stik. ☑

Die projek het naaldwerkgeleenthede geskep en elke vrou is volgens haar bydrae betaal. Die voltooide tapisserie is 'n trotse nalatenskap en vertroue in die gemeenskap. Die werk word deur menige as 'n nasionale skat en 'n belangrike rekenskap van die geskiedenis beskou. ☑

Die Keiskamma Tapisserie is uitgeborduur op 'n aardse kleur materiaalagtergrond. Dit is langer as die Bayeux Tapisserie. ☑

Die beelde is tussen geometriese friesrande vasgewerk. ☑ Die visuele standaarde van die beelde is wisselvallig; die waarneming van plantegroei, diere en mense is deurgaans intens. ☑

Deur swart steke op 'n plein agtergrond te gebruik, het die kunstenaars tradisionele krygers wat baie meer gesofistikeerd as daardie van die Bayeux Tapisserie geskep. Dit is net so dramaties as die gestileerde beelde van krygers op antieke Griekse potte. ☑ Dit is eweveel van toepassing op die detail van die Britse troepe en die Nguni-beeste. ☑

'n Internasionale sosiaal verantwoordelike ontwerpgroep is **Design Impact**. Hulle missie is om geleenthede waar ontwerpvaardighede met organisasies kan saamwerk om kritiese sosiale kwessies soos beter toegang tot water, veilige omgewings of bestaan aan te spreek, te identifiseer. Dwarsdeur sy geskiedenis is ontwerp in die sakewêreld gebruik om vernuwing te dryf, probleme op te los en nuwe idees aan verbruikers te koppel. ☑

Design Impact voel dat ontwerppogings dikwels in eng toepassings wat minimale positiewe gevolge op die samelewing het, gekanaliseer. ☑ Terwyl ons nou honderde verskillende ontwerpe vir hardloopskoene het, was daar baie min belê in ontwerp gemik op produkte en dienste wat die basiese behoeftes van verarmde gemeenskappe dien. ☑

Design Impact plaas ontwerpers by sosiale sektor organisasies gedurende hul leerlingskap program. ☑ Hulle fasiliteer hierdie vennootskappe deur sosiale impak projekte by hoogsgekwalfiseerde en opgeleide ontwerpers, wat vir ses maande by Indiese organisasies leef en werk, te plaas. ☑ Om hierdie model internasionaal te toets, het hulle vir agtien maande in die landelike Tamil Nadu gebly, nou saamgewerk met die Organisasie vir Ontwikkeling, Aksie en Instandhouding ('ODAM') op die Erikoodu Houtskoolbriket Projek. ☑



Die **Erikoodu Houtskoolbriket Projek** het families in Indië, wat dikwels hout of kerosen vir kookbehoefte gebruik. ☑ Beide hout en kerosen laat gevaarlike, soms fatale gasse vry en veroorsaak talle kort- en langtermyn- gesondheidsprobleme. ☑ Die houtskoolbrikette rook nie wanneer daar gekook word nie en word van volhoubare versamelde en plaaslike houtskool gemaak, wat die afhanklikheid van fossielbrandstowwe verminder. ☑ Wanneer houtskool van 'n volhoubare bron geoes word en dit word 'n skoonbrandende houtskoolbriket word dit 'n koolstof-neutrale energiebron. ☑ Die nie-giftige en rooklose kenmerke van die briket maak daarvan 'n beter alternatief as tradisionele houtskool, hout of kerosen in landelike areas. ☑ Deur opprojekte soos die Erikoodu briket te werk, het hulle die bewyse en insig gegee wat nodig is om hulle program na ander organisasies uit te brei. ☑

In vergelyking is beide ontwerpgroepe (**Die Keiskamma Kunsprojek en Design Impact**) toegewei om arm areas te ondersteun deur ontwerp as sosiale instrument te gebruik om lewensomstandighede te verbeter. ☑ Die borduurprojekte van die Keiskamma Projek ontwikkel die kunsvaardighede van hul gemeenskap, laat toe vir selfuitdrukking en skakeling met mense. ☑ Beide projekte verkondig 'n gemeenskaplike verkenning van die geskiedenis en omgewing, wat 'n bitter nodige inkomste verskaf. ☑ Beide hierdie projekte fokus op die basiese behoeftes van verarmde gemeenskappe wat hul lewensomstandighede sal verbeter. ☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V5.1 Vlak	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.1.1	3
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.1.2	3
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.1.1 + 5.1.2	2 + 6
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	5.1.2	2
	Evalueer, Reflekteer		5.1.1 + 5.1.2	1 + 1
	Sintetiseer, Regverdig		5.1.2	2

OF**5.2 (20 punte in totaal)****5.2.1 (Ken 2 punte toe)**

Die produk geïllustreer in FIGUUR B behoort in beide kategorieë Kunshandwerk en Ontwerp. ☒ Dit is gemaak deur tegnieke en materiale wat deel van tradisionele kunshandwerk vorm, te gebruik. So byvoorbeeld is die sitplek handgemaak met kralewerk, albei kunshandwerktegnieke. ☒ Die produk is nie 'n herhaling van 'n bestaande ontwerp nie, maar is uniek en oorspronklik, 'n samesmelting van tradisionele kunshandwerk en kontemporêre ontwerp om 'n produk wat goed in 'n moderne interieur sal pas, te vorm. ☒ **(Krediteer ook een keuse en die motivering daarvan.)**

5.2.2 (Ken 8 punte toe)**Voorbeeld: Zoeloe Pottebakkery ☒**

Die rolletjie **tegniek** word gebruik om Zoeloe-potte te maak. ☒ Die belangrikste **materiale** is rooi en donker klei verkry van die berge en fyngemaal met 'n slypsteen tot 'n fyn poeier. Hierdie poeier word dan drooggemaak tot dit die regte digtheid of geskikte graad van vormbaarheid bereik het. ☒ Die wande van die houer word geleidelik opgebou vanaf 'n ronde basis. Fyn aandag word aan die simmetrie en korrekte wydte van die wande gegee. ☒ Die binneste en buitenste wande word met 'n stuk kalbas, klip of metaalinstrument gevorm en gepoleer. ☒ Wanneer klaar word die pot met komberse toegemaak en in 'n hut geplaas tot dit hard soos leer is. ☒ Dit word dan vir sewe dae buitekant drooggemaak. ☒ Daar is twee belangrike Zoeloe versieringstegnieke, d.i. aangewende en gekerfde versiering. Aangewende versiering word gedoen deur klein kleiballetjies op potte aan te bring (Intsumpa) of druk van binne die pot uit te oefen om uitsteeksels buite te vorm. Gekerfde versierings gegraveer op die pot skep herhalende patrone. ☒ Zoeloes het putbak (pit firing) gebruik. ☒ Potte word in 'n vlak gat geplaas en met droë aalwynblare en hout bedek wat dan aan die brand gestee word. ☒ Potte bedoel vir eet en drink ondergaan 'n tweede bak met droë koeimiskoeke. ☒ Potte kom uit die tweede bak met 'n swart oppervlak wat met appelliefieblaar, 'n klein plat steentjie en diervet opgevryf word om dit 'n blink, gladde en swart afwerking te gee. ☒

Die belangrikste **funksies** van hierdie pothouers is gemaak om vleis in te kook en vleis, graankosse en groente in te bedien. Bier van Sorghumgraan te gis, op te dien en te drink. ☒ Transport en stoor van water, medisynes toe te dien, wierook as deel van seremonies vir eerbetoon en kommunikasie met die voorvaders te brand. ☒ Die meeste pottebakkers vandag maak houer vir gissing, opdiening en die drink van sorghumbier (utshwala), en 'n reeks kleiner opdien- en eethouertjies vir die eet van uphuto, 'n mielie-gebaseerde pap, en amasi. ☒ Vorms en groottes verskil na aanleiding van hul funksie – die grootste pot is die onversierde 'imbiza', 'n pot gebruik vir kook en stoor van tot 40 liters tradisionele bier. ☒

Drinkpote het 'n kruik-vorm met 'n silindriese tuit wat vermorsing voorkom en gooi vergemaklik. ☑ Die 'umancishane', 'n kleiner pot, dui vir 'n besoeker wat bier daarin ontvang het, aan dat slegs 'n kort besoek word verwag. ☑




Die **Zoeloe-Pot** deur **Nesta Nala** is EEN goeie voorbeeld van Zoeloe pottebakkerie. ☑ Hierdie pot het 'n sfeervorm en toon Nala se meesterlike vakmanskap en komposisie-tegniek. ☑ Haar tipiese gebruik van 'n gepoleerde oppervlak en ingewikkelde detail met die klem op verhewe motiewe. ☑ Die patroon, ingekerf en aangewend om die rand van die pot, bestaan uit verhewe tou-agtige kruise gevul met getekstureerde driehoekpatrone. ☑ Nala het 'n internasionale reputasie vir haar klassieke vorms en fyn afgeronde bierpote ontwikkel. ☑ Sy bou haar potte volgens die Zoeloe-tradisie en -kultuur. ☑

5.2.3 (Ken 10 punte toe)

Geen punte word vir die herhaling van ontwerpers en hulle werk gegee nie.

Voorbeeld:



Louise Gelderblom ☑ het 'n BABK van die Universiteit van Stellenbosch, waar sy in grafiese kuns en ontwerp en fotografie gespesialiseer het. ☑ Haar belangstelling in keramiek het oor 'n aantal jare ontwikkel en sedert 1992 het sy hoofsaaklik op die produksie van beeldende kunste keramiek wat die grense tussen die ornamentele, funksionele en konseptuele vervaag het, gefokus. ☑ Louise maak grootskaalse eenmalige oorspronklike beeldhouagtige houers en haar **doel** is om 'n sterk element van **tradisionele Afrika-keramiek**-produksiemetodes te behou, maar terselfdertyd 'n modern globale stedelike estetika aan te hang. ☑

Haar **werksmetodes** is stewig in die lewendige Afrika kleitradisie geanker. Elke stuk is uniek en handgemaak. ☑ Gelderblom gebruik meestal die rolletjie- en knyp-tegnieke, omdat sy voel sy teken in drie dimensies. ☑ Sy sê: “Die vorm van die stuk en die oppervlakmerke daarop skep 'n ritmiese perkussieslagmaat wat my aan 'n woordlose vatbare taal laat dink.” ☑ Elke stuk is geteken, genommer en gedokumenteer. “Dit is my missie om 'n ruimte vir die unieke en die handgemaakte te bedink en te behou, en om die integriteit van en respek vir die tradisionele kunshandwerker in 'n toenemende verbruikerswêreld te behou.” ☑

Sy gebruik 'n neutrale palet, onderskeibare ritmiese lynwerk en gekerfde teksture om 'n stedelike, kontemporêre Afrika estetika te ontwikkel. ☑ Vorms is eenvoudig dog sterk. ☑ Elke oppervlak is dromerig en organies. ☑ Die klem in die ateljee is op die produksie van hoë kwaliteit kunswerke, eerder as 'n groot aantal van vereenvoudigde vorms. ☑ Die groottes van die houers en saamgestelde totems is groot. ☑ Die skaal van die stukke en die dromerige oppervlakdetail maak haar werk hoogs gesog deur binnenshuise versierders, argitekte en kunsversamelaars. ☑ Die werk **pas tradisionele materiale en tegnieke op kontemporêre ontwerppraktyk toe**. Dit herenig mense met hul geskiedenis, kulturele, sosiale tradisies en hulle afkoms. ☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

Geen punte word vir die herhaling van ontwerpers en hulle werk gegee nie.

V5.2 VlakLevel	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.2.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.2.2	4
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.2.2 + 5.2.3	2 + 6
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	5.2.2 + 5.2.3	2 + 2
	Evalueer, Reflekteer		5.2.3	1
	Sintetiseer, Regverdig		5.2.3	1

VRAAG 6 (20 punte in totaal)



6.1 (Ken 4 punte toe)

Die plakkaat hierbo gebruik beelde om renosterjag te ondersoek. Dit wys ook hoe verskeie lede van ons gemeenskap deur middel van hul daaglikse lewens direk/indirek tot renosterjag bydra. Dit is nie net die jagters wat skuldig aan die vermindering van die renosterpopulasie is nie. ☒ Die plakkaat beeld die bose kringloop wat renosterjag aanhits en aanhelp uit. ☒ Vele industrieë gaan steeds voort om die renosterhoringe te koop, wetende dat die horings onwettig verkry is. ☒ Renosterhoring is hoog geprys in Asiatiese medikasie om kwale te behandel alhoewel daar geen bewyse van sy medisinale waarde is nie. ☒ Die gulsigheid en liefde vir geld laat renosterjag aangaan soos ons in die plakkaat kan sien. ☒ Die beeld van die hand wat die geld vashou, word deur sy grootte beklemtoon. ☒ Die kleur van die plakkaat gee dit ook 'n sombere en outydse effek, ☒ en skep gevolglik 'n hartseer effek wat die lot van die renosters beklemtoon. ☒ Die mans wat die beangste Renoster vashou met die toue beperk die renoster, keer dit om te kan ontsnap en hou dit gevange. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings. (Afdrukke van die beeld mag verskil in kleur en kwaliteit van provinsie tot provinsie.)

6.2 (Ken 16 punte toe)




Die Suid-Afrikaanse ontwerpspan **Gasper en George** het 'n vernuwende reeks van huis- en tuinmeubels ontwerp wat kapitaliseer uit die idee van hernuwing (upcycling). ☒ Deur die kapitalisering van die idee van hernuwing ('n nuwe doel gee) is die ontwerpe van Gasper en George omgewingsbewus ☒ en verkondig dit verantwoordelike herwinning. ☒ Hierdie verantwoordelike herwinning sluit in die neem van afval en die herwinning daarvan in voorwerpe met 'n hoër en ander betekenis. ☒ Hulle neem houtlaaiborde, oorspronklik gebruik vir die verskeping en stoor van goedere, en transformeer hierdie laaiborde in unieke, veeldoelige en bekostigbare meubelstukke. ☒

Addisioneel gebruik hulle ook glas- of spieëlskerwe, gewerf van omliggende maatskappye, vir hulle unieke reeks mosaïekspieëls en op bestelling vervaardigde agtergrondpaneel vir die muur. ☒ Watergebaseerde verf wat loodvry en veilig is, word gebruik. ☒ Die verf word behandel met 'n watergebaseerde helder glasuur. Om die hout te beskerm, gebruik hulle ProNature Organiese verwe. ☒

Die Hout Stoepstoel is van herwonne houtlaaiborde oorspronklik gebruik vir verskeping en stoordoeleindes gemaak. ☒ Die lieflike geglasuurde stukke straal 'n rou outentiekheid en geskiedenis uit ☒ asof hulle voorheen 'n lewe gelei het. Handgemaak met sorg, is die stoel testament van die oneindige aantal maniere waarop laaiborde getransformeer kan word van afval na wonderlike nuwe produkte. ☒

Internasionale ontwerper, **Mithun and BNIM** (in opdrag van die Boy Scouts of America) ☒ het 'n boomhuis as viering van volhoubaarheid en vernuwing geskep, ☒ **gekonstrueer met herwonne materiale**. ☒ Dit produseer en bestuur al die energie deur die sonpaneel. ☒ Kompostoilette is by die ingang beskikbaar. ☒ Besoekende padvindings (boy scouts) kan van die volhoubare eienskappe van die struktuur leer wanneer hulle deur die interaktiewe uitstallings loop. ☒ 'n Verpersoonliking van die konsep van herwinning deur die padvindings. ☒ Bowenal is die projek 'n lewende klaskamer wat as 'n unieke ikoon van kampavontuur, ☒ omgewingsopsigterskap en vernuwende gebou-ontwerp dien. ☒



Die Volhoubare Boomhuis is 126 voet hoog en 'n 4000 vierkante voet struktuur. ☒ Die boomhuis is van 'n Corten-staalraam en liggewende houtplatforms aanmekaargesit. ☒ Dit is ontwerp met 'n oorfloed van groen bousisteme soos fotogalvaniese paneel, ☒ windturbines, 'n groot spoelbak en 'n waterreinigingsstelsel. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V6.1Vlak	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	6.1 + 6.2	1 + 4
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		6.1	1
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	6.2	8
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	6.1	2
	Evalueer, Reflekteer		6.2	2
	Sintetiseer, Regverdig		6.2	2

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 100